**Vrydag 13 Julie**

| Skrifgedeelte: Matteus 26:57-75 (1933/53-vertaling) | Fokusgedeelte: Matteus 26:57-75; Heidelbergse Kategismus Sondag 37:101 |
|---|---|

# ’n Immer aktuele vraag!

Die Wederdopers het op grond van Matteus 5:33 (en verder) en Jakobus 5:12 geleer dat ’n Christen nie ’n eed mag sweer nie – jou “ja” moet “ja” wees en jou “nee” moet “nee” wees! Die pousgesindes het links en regs by die heiliges of “by alles wat heilig is” ede gesweer.

Dit het die kerk genoodsaak om ’n godvresende eedswering by die Naam van God in ’n aparte Sondagsafdeling te behandel, met die volgende lering: Ons mag godvresend ’n eed sweer wanneer die owerheid of die nood dit vereis; die eed moet dien tot eer van God en tot heil van my naaste; die eed moet op die Woord gegrond wees. As sodanig is godvresende eedswering deel van ons beveelde Godsdiens (Deut. 6:13).

Vir Christene onder mekaar is die “waarheid” veronderstel om nie afhanklik te wees van eedswering nie. Maar in ’n samelewing van mense met sondige nature, waar vertroue plek maak vir wantroue, en betroubaarheid vir onbetroubaarheid, is ons enigste hoop vir voort-bestaan op God en die vertroue dat Hy sy Naam nie sal laat laster nie.

Die apostel Petrus was eens in groot, lewensbedreigende nood. En hy het ’n eed afge-lê: “Ek ken die man nie.” Die enigste manier om die toorn van God hieroor vry te spring, was hartlike berou en bekering tot die Man wat in vers 64 met ’n eed bevestig het dat Hy die Seun van God is.

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Ds. SJMS (Faan) Smit (Heidelberg)*